Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NOORDWES PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 2

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 40**
**TYD : 1 uur**

**LEERDER:** ______________________________________________

**SKOOL:** ______________________________________________

**AREAKANTOOR:** ______________________________________________

**DISTRIK:** ______________________________________________

**Die vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**Instruksies aan leerders**

1. Lees alle instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord die vrae in die gegewe spasies.
3. Die toets duur 60 minute.
4. Skryf netjies en leesbaar.

.

**Praktiese oefening**

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

   Die korrekte meervoud van muis is ...

   A meise.

   (B) muise.

   C miese.

   D muoses.

2. Beantwoord die vrae hieronder in 'n volsinne.

   2.1 Hoe het die haan gevoel ?

   *Die haan was baie kwaad.*

   2.2 Wat het die diere van hom gedink ?

   *Die ander diere het nie van hom gehou nie .*

Die toets begin op die volgende bladsy.

**AFDELING A**

**BEGRIPTOETS**

**VRAAG 1**

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.

**Padda of landpadda**

Weet jy wat die verskil is tussen ŉ padda en ŉ landpadda / brulpadda? Landpaddas /Brulpaddas is lede van die paddafamilie Hulle is nie wat ons beskou as 'ware paddas' nie. Skuimnespaddas, Kaapse rivierpaddas en biesiepaddas is 'ware paddas'. Keelklankpaddas, westerse luiperdpaddas, Karoo paddas en gewone platannas is wat ons landpaddas/brulpaddas noem.

Beide paddas en landpaddas/brulpaddas is amfibiё, wat 'dubbele lewe' beteken. Dit is omdat hulle die helfte van hul lewe in water en die ander helfte op land deurbring. ŉ Padda het ŉ klam , sagte vel. ŉ Padda se vel bly vogtig, Hulle word gewoonlik naby water aangetref.

ŉ Landpadda/brulpadda se vel is droog en hobbelrig of vraterig. Die hobbels is nie eintlik vrate nie en jy kan nie ŉ vratjie van landpaddas/brulpaddas kry soos sommige bygelowige mense glo nie. Landpaddas/brulpaddas ken wel ŉ oulike toertjie. Hulle vel skei gif af om diere te keer om hulle te vreet. Die prinses in die storie '*Die prinses en die paddaprins',* wat die padda gesoen het om sy goue bal terug te kry, was gelukkig dat dit n gewone padda en nie ŉ landpadda/brulpadda was nie! En die prins kan dankbaar wees dat hy in ŉ padda verander het en nie in ŉ landpadda/brulpadda nie, omdat niemand hom dan sou wou soen nie.

Paddas het maer, soepel lywe. ŉ Landpadda/brulpadda se lyf is gewoonlik breed en wyd. Paddas het lang, sterk agterpote en swemvliespote. ŉ Landpadda/brulpadda het kort agterpote en nie baie swemvliese op hul pote nie. Padddas en landpaddas/brulpaddas beweeg selfs verskillend rond. ŉ Padda neem lang spronge, terwyl ŉ landpadda/brulpadda kort spronge gee .

Albei lê eiers in die water. Die eiers verander in paddavisse en dan uiteindelik paddas of landpaddas/brulpaddas. Die jong paddas bly gewoonlik naby die water , maar die jong landpaddas /brulpaddas swerf rond in die bosryke of grasserige areas.

1.1 Gee 'n voorbeeld van 'n 'ware padda'. (1)

______________________________________________

1.2 Noem een tipe landpadda / brulpadda'. (1)

______________________________________________

1.3 Beskryf 'n landpadda/brulpadda se vel. (1)

______________________________________________

1.4 Hoekom woon die jong paddas naby water ? (1)

______________________________________________

1.5 Hoe beskerm landpaddas/brulpaddas hulself om nie deur groter diere gevreet te word nie? (1)

______________________________________________

1.6 Waarom word daar gesê dat paddas 'n 'dubbele lewe' lei? (1)

______________________________________________

1.7 Indien jy 'n landpadda/brulpadda iewers raakloop, hoe sal jy weet dat dit nie 'n ware padda is nie ? Gee twee redes. (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.8 Wat dink jy hoe sal 'n westerse luiperdpadda se vel lyk ? (1)

______________________________________________

1.9 Hoekom sal bygelowige mense jou vertel om nie aan paddas te raak nie ? (1)

______________________________________________

______________________________________________

**[10]**

**VRAAG 2**

**GEDIG**

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Die Bothas verhuis**

By die Bothas se huis word al die meubels gelaai.
En dit woel en dit werskaf reeds van voor hoenderkraai
Hul verhuis na Pretoria.Hul vertrek sak en pak.
Hul moet roer voor die donker nou oor hulle toesak.

Eers die swaar meubelstukke,hangkas en die klavier.
Bring maar nader die yskas ,daar is baie plek hier.
Die kartondose moet jul tog versigtig hanteer.
Maak tog seker dat alles ingepak is ,Meneer

Alles wat langs die pad breek,sal ons seker vervang.
Al u meubels is veilig en wees dus glad nie bang.
Dit is honderd en veertig kilometer,sowaar.
As ons nou in die pad val,is ons voor vyfuur daar

2.1 Wat is die korrekte rymskema van die gedig ? ABAC, AABB of ABAB? (1)

________________________________________________

2.2 Waarheen verhuis die Bothas ? (1)

________________________________________________

2.3 Wat beteken “ verhuis “ in die gedig ? (2)

________________________________________________

________________________________________________

2.4. Waarom moet hulle die kartondose versigtig hanteer. ? (1)

________________________________________________

2.5 Hoeveel kilometer is dit tot in Pretoria ? (1)

________________________________________________

2.6 Wat sal gebeur as die goed langs die pad breek ? (1)

___________________________________________________________

2.7 Gee min of meer dieselfde betekenis van die woord " roer " ? (1)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

2.8 Wat beteken " sak en pak " (1)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

2.9. Omkring die letter van die korrekte antwoord. (1)

Watter rym kom in die gedig voor.

A Vergelyking
B Paarrym
C Ongelyke rym

**[10]**

**VRAAG 3**

**VISUELE TEKS**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.




3.1 Op watter sprokiesverhaal/feëverhaal is hierdie spotprent gebaseer ? (1)

__________________________________________________________

3.2 Hoekom het die vrou die padda gesoen ? (1)

__________________________________________________________

3.3 Watter stylfiguur is 'klaps' in raam 2 ? (1)

__________________________________________________________

3.4 Hoekom dink jy het die padda nie in 'n prins verander nie ? (1)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

3.5 Kies die regte letter van die korrekte antwoord. (1)
Van watter klanktoon dink jy maak die padda in raam 4 gebruik ?

A Opgewondenheid
B Irritasie
C Verveeldheid
D Ingenome/ingetoê/verruklik

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [25]**

## AFDELING B

## TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

1. Skryf die saamgestelde woord tussen hakies voluit. (1)
Paddas se (lewe+siklus) _________________ is baie interessant.

2. Punktueer die volgende sin deur een van die volgende leestekens op die lyn in te vul. (, ; :) (1)

Paddas kan goed swem _ hul voete het swemvliese.

3. Herskryf die sin in die onbepaalde verlede tyd. (1)
Die padda val amper in die dam/stroom .

_______________________________________________________________

4. Voltooi die sin deur 'n onbepaalde voornaamwoord in die spasie in te vul. (1)
Daar is ___________ meer in die water nie.

5. Onderstreep die korrekte woord. (1)
Kyk daar in die water. (die / hierdie / dit / daardie) is paddaeiers' .

6. Kies 'n hulpwerkwoord uit die blok om die sin te voltooi. (1)

| | | |
|---|---|---|
| kan | moet | sal |

Jy hoef nie bang te wees vir paddas nie, maar jy _______________ versigtig wees om nie aan 'n landpadda/brulpadda te raak nie. Hulle is giftig.

7. Kies 'n voegwoord en verbind die sinne in 'n saamgestelde sin. (1)
Paddas behoort hul vel klam te hou. Hulle woon naby water. (omdat; dus; daarom)

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

8. Onderstreep die selfstandige frase in die sin (1)
Weet iemand hoe paddas in water asemhaal ?

9. Voltooi die volgende tabel met woorde van die sinne hieronder. (3)
Die biesiepadda gebruik sy gewebde voete om bome te klim**.**

| | |
|---|---|
| Onderwerp | |
| Gesegde | |
| Voorwerp | |

10. Vind 'n voorbeeld van die gegewe woorde (woordsoort) in die volgende sin. (2)

Die brulpadda- gemeenskap werk vir die beskerming van alle bedreigde spesies in Suid – Afrika.

A Eienaam ______________________________

B Abstrakte voornaamwoord ______________________________

11. Herskryf die sin in die lydende vorm, begin met die gegewe woord. (1)
Die prinses het baie paddas gesoen.
Baie paddas _________________________________

12. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Landpaddas/Brulpaddas het (hobbel) _______________________ velle . (1)

**TOTAAL AFDELING B [15]**

**GROOTTOTAAL: [40]**